# Parys Pekanneut snoeidag
# 23-24 Junie 2017
# Sunnyside Farm

# Hoekom snoei ons pekanneut bome?







Pekans word baie groot en baie oud en benodig ‘n sterk struktuur om die gewig van ‘n groot oes te ondersteun.

Dus; ons snoei om onnodige breekskade aan die bome te voorkom












# Voorbereiding vir meganisering

- Deur die raamtakke se hoogte van die grond af te lig word onnodige meganiese skade voorkom.
- Dit vergemaklik ook enige bewerkings wat in die boord moet plaasvind
- Korrektiewe snoei is dan ook nie nodig wanneer die bome oud is nie.

# Basiese beginsels van snoei by pekanneute

- Daar is twee tipes snoei
- Wintersnoei
  - Hierdie is hoofsaaklik vormsnoei, die vorming van 'n sterk struktuur

-Somersnoei

-Hierdie is korrektiewe snoei, takke wat breek, takke wat laag op die stam ontwikkel.

- Summertip pruning, dit behels die uitbreek van die groeipunt om die vorming van raaktakke te bevorder.

# Beginsels van snoei vervolg

- Sterk raamtakke moet ‘n hoek van tussen 45° en 90° teenoor die hoofstam hê.
- Raamtakke moet verkieslik 1.5m tot 1,7m vanaf die grond gevorm word.
- Hoe meer agresief jy snoei hoe meer fegetatief groei die boom.
- Pekanneute is apikaal dominant.
- Die boom wil altyd in ballans wees bo en onder die grond, probeer dus om nie meer as ‘n derde van die hout van die boom af te sny nie.






PIETERSE INC

# Beginsels van snoei vervolg

- Die terugsnoei van enige takke het die volgende doel:
  - Dit verlaag die hefboom effek op die tak en aanhegting van die tak.
  - Dit help om meer raamtakke en/of drae hout te vorm
- Die vorming van raamtakke kan bevorder word deur ogie manupilasie;
  - Die primêre ogie groei baie regop, goed vir sentrale leiers.
  - Sekondêre ogies groei teen ‘n effens platter hoek
  - Tersiêre ogies groei nog platter.
  - Sekondêre en tersiêre ogies vorm goeie aanhegtings vir raamtakke( Handjie reël)

# Wintersnoei

- Selekteer die sentrale leier, gewoonlik die sterkste en regopste loot.
- Selekteer ‘n ogie wat in die heersende wind rigting wys.
- Sny tussen ‘n derde en die helfte van die seisoen se groei af.
- Los die boonste twee primêre ogies net onder die snit en vryf die res van die loot se primêre ogies af.

# Wintersnoei vervolg

- Kyk vir enige skerphoek takke( swak mikke) en sny hulle af.
- Raamtakke moet nie dikker wees as die sentrale leier nie
- Sny alle raamtakke terug met tussen ‘n derde en die helfte van die nuwe seisoen se groei.
- Alle takke wat te laag is moet verweider word.
- Van die raamtakke wat te laag is kan gelos word vir ‘n seisoen indien daar baie sterk wind op die plaas is om stabiliteit aan die boom te gee, hierdie takke moet egter die volgende jaar verweider word.

# Wintersnoei vervolg





# Hoe lyk 'n swak mik?





# Swak mikke vervolg



# Groeipunt



# Ogies

- ‘n Voorbeeld waar die primêre en sekondêre ogie van ‘n ogie pakkie gegroei het



# Hoenderpoot



# Hoenderpoot vervolg



# Hoenderpoot vervolg

- Hoenderpote vorm waar die groeipunt van 'n sterk loot nie verweider is nie.
- Drie of meer van die ogies op die groeipunt groei almal en probeer mekaar domineer.
- Dit loop hand aan hand met swak mikke



# Somersnoei

- Dit kan gedoen word enige tyd vanaf bot tot einde Februarie sodra lootlente 300mm tot 500mm vir die seisoen bereik het.
- Knyp die groeipunt tussen jou vingers vas en trek dit af.
- Hierdie proses het tot gevolg dat die loot verdik/versterk en dat ander ogies gestimmuleer word om te groei.
- Breek takke en takke wat laag op die hoofstam ontwikkel kan ook gedurende die somer verweider word.





# Vrae?

Hardus du Toit
Tegniese Beampte
SAPPA
Sel: 083 465 6522
Epos: sappahardus@gmail.com

